DIGBY WELLS
ENVIRONMENTAL

Verwysing: MSO1805 04 Maart 2013

Geagte Belanghebbende

**MYNREGAANSOEK VIR DIE VOORGESTELDE CONSBREY-STEENKOOLMYN, NABY BREYTON, PROVINSIE MPUMALANGA**

(Consbrey A: DMB-verwysing: MP 30/5/1/1/2/10060 MR)

(Consbrey: DMB-verwysing: Hangende)

Xstrata South Africa (Pty) Ltd (Xstrata Coal) doen aansoek vir mynregte op die voorgestelde Consbrey-steenkoolmyn. Die voorgestelde projek is geleë 10 km noordwes van die dorp Breyten in die Msukaligwa en die Albert Luthuli plaaslike munisipaliteite, onder jurisdiksie van die Gert Sibande-distriksmunisipaliteit, provinsie Mpumalanga.

Die voorgestelde Consbrey-steenkoolmyn bestaan uit Consbrey 'A' en Consbrey-gebied. Indien 'n Mynreg aan Xstrata Coal verleen word om die voorgestelde mynbedrywighede te onderneem, sal die Consbrey-steenkoolmyn deel van die groter Spitzkop Operations word. Die voorgestelde Consbrey-mynterrein het in 2008 prospekteerregte verkry onder die vorige eienaarskap van Breyton Coal Farms (Pty) Ltd, 'n filiaal van Xstrata South Africa (Pty) Ltd (Xstrata Coal) vir Consbrey A en Xstrata Coal vir Consbrey. Indien die Mynregte deur DMB toegeken word, sal dit van Xstrata en sy filiale oorgedra word aan Msobo Coal ingevolge artikel 11 van die MPRDA. Xstrata Coal het in November 2012 'n Mynregaansoek (MRA) aan Mpumalanga se Departement van Minerale Bronne (DMB) voorgelê vir die voorgestelde Consbrey-steenkoolmyn, geleë op die plase

| | |
|---|---|
| Opgoedenhoop 205 IS | Hartbeestfontein 239 IS |
| Welgemeend 206 IS | Bankfontein 215 IS |
| Dwarstrek 216 IS | Klipfontein 241 IS |
| Morngenster 204 IS | Smutsoog 214 IS |
| De Wittekrans 218 IS | Bosmanskrans 217 IS |

Hierdie kennisgewing word uitgereik ingevolge die bepalings van die Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002 (Wet No. 28 van 2002) (MPRDA), wat vereis dat grondeienaars en mense in beheer van grond in kennis gestel moet word van Msobo Coal se voorneme om die mynreg te verkry om die voorgestelde Consbrey-steenkoolmyn op te rig.

Digby Wells Environmental (Digby Wells) is aangestel as die onafhanklike Omgewingsbepalingspraktisyn (OBP) wat verantwoordelik is vir die OIB en Prosesse van Openbare Deelname wat ter stawing van die MRA vir die voorgestelde steenkoolmynbedrywighede van die Consbrey-steenkoolmyn vereis word.

Digby Wells & Associates (Pty) Ltd. Co. Reg. No. 1999/05985/07. Fern Isle, Section 10, 359 Pretoria Ave Randburg Private Bag X10046, Randburg, 2125, South Africa
Tel: +27 11 789 9495, Fax: +27 11 789 9498, info@digbywells.com, www.digbywells.com

Directors: AR Wilke, LF Koeslag, PD Tanner (British)*, AJ Reynolds (Chairman) (British)*, J Leaver*, GE Trusler (C.E.O)
*Non-Executive

Die Omvangbepalingsverslag sal van **Woensdag 6 Maart tot Dinsdag 9 April 2013** op die volgende openbare plekke beskikbaar wees ter insae deur die publiek:

| Plek | ADRES | Kontak |
|---|---|---|
| **Gedrukte eksemplare** | | |
| Ermelo Openbare Biblioteek | h.v. Kerk- en Smutsstraat, Msukaligwa Munisipale Gebou, Ermelo,2350 | Mnr T.S Dondolo |
| Breyten Openbare Biblioteek | h.v. Breytenbach- en Oosstraat | Mnr C Joseph |
| Chrissiesmeer Openbare Biblioteek | Edwardstraat, Chrissiesmeer | Mnr J Hadebe |
| Carolina Openbare Biblioteek | 28 Kerkstraat, h/v Voortrekker- en Versveldstraat, Carolina | Mnr Sisiso Zwane |
| **Elektroniese eksemplare** | | |
| www.digbywells.com<br>Skakel asb 011 789 9495 en vra vir ’n eksemplaar op CD . | | |

U word hierby uitgenooi om enige van die volgende openbare vergaderings by te woon:

**Datum en tyd** Dinsdag, 26 Maart 2013, 10:00 – 12:00
**Plek** Chrissiesmeer Gemeenskapsaal
King Edwardstraat 151, Kwachibhibikhulu

**Datum en tyd** Dinsdag, 26 Maart 2013, 14:00 – 17:00
**Plek** Breyten Dorpsaal/Munisipaliteitsaal
H.v. Oustrobleer- en Breytenbachstraat, Breyten

Vir u deelname word u aangemoedig om as ’n B&GP te registreer en enige kommentaar, vrae of kwellings oor die voorgestelde projek aan Digby Wells Environmental voor te lê:

Telefoon: (011) 789-9495 of Faksnommer: (011) 789-9498;
E-pos: nathalie.kalele@digbywells.com of nestus.bredenhann@digbywells.com
Posadres: Privaat Sak X10046, Randburg, 2125

Met vriendelike groete

Nathalie Kalele
Sosiale Konsultant
**DIGBY WELLS ENVIRONMENTAL**
**Tel: 011-789 9495**
**E-pos:** nathalie.kalele@digbywells.com